

ERFOPVOLGING VIR 'N BOERDERY

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

DIE KRITIEKE ASPEKTE

Soos al telkens in hierdie reeks uitgespel, behels erfopvolging verskeie fasette en moet daar aan verskeie aspekte aandag gegee word. Nadat al die inligting bymekaar gemaak is, moet die boer aan verskeie persoonlike en finansiële sake aandag skenk wat met die oordrag van die boerdery te make het.

Eienaarskap

Met betrekking tot erfopvolging kan die boer twee roetes met die eienaarskap van die boerdery volg. Hy kan eerstens die hele boerdery met een slag aan die kinders oordra of hy kan 'n tussentydse reëling met die kinders tref totdat die boerdery finaal oorgedra gaan word. Die opsie wat die boer uitoefen sal afhang van die volgende:

- Is die boer gereed om die totale verandering vanaf boer na passiewe krediteur of belegger te word? (As hy in totaliteit uittree sal die boerdery waarskynlik geld aan hom skuld of hy sal nog kapitaal daarin belê hê en net rente of dividende daaruit verdien.)
- Is die boer absoluut seker wie van sy kinders werklik betrokke by die boerdery moet bly?
- Is daar kinders wat in die toekoms dalk by die boerdery betrokke sal wil raak?
- Hoe belangrik is dit dat die boer steeds eienaarskap van sekere van die boerdery-bates behou?
- As daar 'n interim reëling getref is, hoe aanvaarbaar is so 'n reëling vir die kinders en is hulle op hulle gemak met die manier waarop die uiteindelijke plan sal ontplooi?
- Kan die boer op 'n vennootskapsbasis met sy kinders werk?. Is die kommunikasie goed genoeg daarvoor? Kan die boer sy seun as 'n gelykwaardige sakevennoot behandel?

'n Verdere faktor rondom eienaarskap is die stabiliteit van die boerende kinders se huwelike. 'n Huwelik wat ontbind kan tot gevolg hê dat die skoonseun of –dogter uiteindelik met 'n groter deel van die boerdery wegstap as wat die boer se eie nie-boerende kinders gekry het. Die vrae wat die boer moet beantwoord is:

- Is die boerende kinders se huwelike sterk genoeg?
- Hoeveel bates moet op 'n vroeë stadium van die kinders se huwelik reeds aan die boerende kind oorgedra word?

Beheer

Die kwessie van beheer oor die boerdery-bates sal ook 'n kritiese aspek van die erfopvolgingsplan wees.

- Is dit belangrik dat die boer beheer oor sekere bates hou terwyl hy nog 'n belegging in die boerdery het?
- Is dit voldoende dat die boer nog 'n mate van invloed oor belangrike besluite soos die koop of verkoop van bates het?
- Wil die boer steeds betrokke by die bestuur van die boerdery bly?

Sekuriteit

Die boer se toekomstige betrokkenheid by die boerdery sal bepaal watter mate van sekuriteit hy vir homself gaan verskans. Indien die boer steeds inkomste of skuldterugbetalings uit die boerdery verwag sal hy ook graag wil weet dat hierdie betalings verseker is. Faktore om te oorweeg is die volgende:

- Gaan die boer die oordrag self finansier of gaan hy van sy kinders verwag om die geld vir die verkryging van die bates by 'n bank te leen?
- Sal die boer sekuriteit aan 'n bank verskaf as die kinders die boerdery-bates vir kontant by hom wil koop?
- Gaan die boer die titelaktes behou totdat die boerdery-bates ten volle afbetaal is?
- Watter finansiële verpligtinge het die boer teenoor die nie-boerende kinders?
- Wil die boer sy kapitaal dadelik by oornome van die bates ontvang of eers op 'n latere datum in die toekoms?
- Wil die boer rente ontvang op gelde wat die kinders aan hom verskuldig is?
- Kan die boerdery die boerende kinders onderhou sowel as die betalings wat aan die boer gemaak moet word? Sal dit moet uitbrei om hierdie verpligtinge na te kom?

Bly aan op die plaas

Die kwessie van verblyf is ook 'n kritiese aspek waaraan aandag gegee moet word. Dit geld die verblyf van die boer sowel as die kinders. Die volgende faktore behoort oorweeg te word:

- Gaan die boerende kinders plaas toe trek?
- As 'n addisionele huis gebou moet word, wie gaan in die nuwe huis bly, die kind of die boer?
- Wat is die koste van huisvesting op die dorp?

Gelyk of billik

Waar daar boerende sowel as nie-boerende kinders in die familie betrokke is, is die moeilikste aspek dié van billikheid of gelykheid. 'n Erfopvolgingsplan wat 'n gelyke verdeling tussen die kinders voorstel is nie noodwendig billik teenoor al die kinders nie. Een wat billik is, is meestal weer nie gelyk nie. Die probleem is dat die boerdery as 'n lopende saak deur die boerende kinders voortgesit moet word. Om dit te kan doen moet daar genoeg kapitaal binne die boerdery gelos word. Dit het tot gevolg dat die nie-boerende kinders nie 'n gelykmatige deel van die boedelwaarde gaan ontvang nie en dat hulle 'n gedeelte gaan verbeur sodat die boerdery lewensvatbaar kan bly ter wille van die boerderende kinders.

'n Billike verdeling is uniek aan die boer se eie omstandighede. Dit sal baie van sy familie se samestelling afhang en sterk beïnvloed word deur sy eie persoonlike voorkeure. Die erfopvolgingsplan van een boer sal uiteindelik dus wesentlik van sy buurman s'n verskil, al is hulle omstandighede baie dieselfde.

BETHLEHEM

Julie 2003